PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. *29 Mei 2022*

Vanoggend

Skrifgedeelte: Openbaring 1:12-20
Tema: Draai om!

Ons Program

Vandag

- **Nagmaaldiens** om 9:30 (kerk) olv ds. Jaco
- **Deuroffer**: Gemeente hulp 1

29 Mei tot 2 Junie: Pinksterbidure

Vanjaar se **Pinksterbidure** is van Sondag 29 Mei tot Donderdag 2 Junie, elke aand om 18:00. Ons gaan vanjaar enkele gedeeltes uit die boek Openbaring lees, met die tema: **Christus regeer sy kerk deur sy Gees**. Die onderwerpe lyk só:

- Sondagoggend — Op 1:12-20 Draai om!
- Sondagaand — Op 3:17,20 God se fees
- Maandag — Op 4:1-11 In God se teenwoordigheid
- Dinsdag — Op 5:1-14 Sing jy saam?
- Woensdag — Op 12:5-6 Waar God tuis is
- Donderdag — Op 14:13 Medebouers in God se koninkryk
- Pinksterfees — Joh 14:23 Smagtend na God se teenwoordigheid

Daar is elke aand **sop en broodjies** ná die biduur. Baie dankie aan Amanda van der Westhuizen vir die reëlings hiervoor, en die wyke wat dit vir ons voorberei. Julle is die beste!

10 Dae van Dag en Nag Gebed vir Herlewing in die Kerk

26 Mei – 5 Junie 2022
Die Vader se Belofte - En kyk, Ek stuur die belofte van my Vader....
- Lukas 24:49

Sondag 5 Junie: Pinksterfees

- **Erediens** om 9:30 (kerk) en 11:00 (Ons Woning) olv ds. Jaco
- **Kategese**
- **Deuroffer**: Bedieningsmateriaal
-

Ons Bybellees-program

Ons lees tans die briewe van Paulus aan die gemeente in Tessalonika. Vandag lees ons 2 Tes 3. Môre begin ons met (DV) met Maleagi.

Só glo ons

Heidelbergse Kategismus

Vraag 53: Wat glo jy van die Heilige Gees?
Antwoord: Ten eerste is Hy saam met die Vader en die Seun ware en ewige God. Ten tweede is Hy ook aan my gegee sodat Hy my deur 'n ware geloof aan Christus en al sy weldade deel laat kry, my troos en ewig by my bly.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week. Baie geluk! Mag dit 'n jaar vol van die Here se seëninge en genade vir elkeen van julle wees.

Mei
31 Hennie Oberholzer

Junie
1 Buks Ferns; JG van Loggerenberg
2 Ina van Jaarsveld
3 Elize Barnardt; Joke van Schalkwyk
4 Louis van der Westhuizen

Voorbidding

- Johnny Small (steeds in die hospitaal)
- Annie Small (beroerte)
- Mollie Smit (spysvertering)

- Michael Oertel (kolon)
- die mense van KwaZulu-Natal
- die erge droogte en watertekort in die Oos-Kaap
- die mense van Oekraïne
- Ons innige simpatie en baie sterkte aan
  - ✞ **Dirk en Anna-Marie Terblanche** – Dirk se suster Mona Cornwell is in die vorige naweek oorlede;
  - ✞ en ons dink ook aan **Maryna en Jorrie Jordaan** – Maryna se ma is Dinsdag oorlede.

Allerlei

Serpe

Baie dankie vir álmal wat reeds serpe gebrei het of nog besig is om te brei. Ons kort nog heelwat "enige kleur- of bont serpe" vir die koshuisleerders. Hierdie serpe kan asb so 1.2m lank wees in plaas van 1 m, vir die groter leerders. Die datum waarop die serpe moet in wees by Annamarie by die kerksaal is 24 Junie.

Die gemeente se Facebook-blad

Op die oomblik hanteer Elmien Thom die Facebook-blad. Ons wil hoor of daar enige persoon in die gemeente is wat belangstel om dit Desember oor te neem. Indien jy belangstel, skakel Elmien asseblief by 084 562 3434. Ons wil so gou moontlik reëlings begin tref om die persoon touwys te maak.

NG Kerk Petrusburg - Finansiële verslag 2021/2022

Die afgelope jaar het die kerk 'n tekort gehad van R348 163 teenoor die vorige jaar se surplus van R19 377. Vir die 2022/2023 jaar begroot die kerkraad vir 'n tekort van R534 700. Die kerk se finansiële posisie is tans nog gesond en die kerk beskik oor genoeg kontantreserwes om die tekort te absorbeer. Sou die groot tekort realiseer en die afname in bydraes voortduur sal toekomstige werksaamhede baie ingekort moet word.
(Fanie Ward - Voorsitter Finansies)

Ten Slotte

Lofgebed (na aanleiding van 'n gebed van Johannes Herder)

Ons prys u Naam, o Vader, omdat U van voor die grondlegging van die wêreld af vir ons gekies het om u kinders te wees.
Ons prys u Naam, Vader, omdat U met 'n enkele woord die ganse wêreld in aansyn geroep het.
Ons prys u Naam, Vader, omdat U nie die werke van u hande laat vaar nie, maar elke dag vir ons sorg.
Ons prys u Naam, Here Jesus, omdat U eenmaal na hierdie wêreld gekom het en langs ons kom staan het.
Ons prys u Naam, Here Jesus, omdat U eenmaal op 'n berg geklim en vir die skare gesê het: Salig is julle . . .
Ons prys u Naam, Here Jesus, omdat U eenmaal op die meer gewandel en die storm laat bedaar het met: Swyg, wees stil . .
Ons prys u Naam, Here Jesus, omdat U by die blinde Bartimeus gaan staan het met: Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?
Ons prys u Naam, Here Jesus, omdat U die vrou wat in ontug betrap is, vergewe het met: Gaan heen en sondig nie meer nie.
Ons prys u Naam, Here Jesus, omdat U die man wat U verloën het, weer in u diens aangestel het met: Laat my skape wei.
Ons prys u Naam, Here Jesus, omdat U aan alle bekommerdes gesê het: Julle is meer werd as baie mossies.
Ons prys u Naam, Here Jesus, omdat U beloof het: Kyk, Ek kom gou!
Ons prys u Naam, o Gees van God, omdat U op Pinksterdag na die kerk gekom het en uitgestort is op alle vlees.
Ons prys u Naam, o Heilige Gees, omdat U die Trooster van ons harte is.
Ons Prys u Naam, o Heilige Gees, omdat u vir ons intree by die Vader met versugtinge wat nie onder woorde gebring word nie.
Ons prys u Naam, o Gees, omdat U in ons woon en ons in die volle waarheid lei.
Ons prys u Naam, Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, U wat van ewigheid tot ewigheid God is en regeer!

Leraar: **Jaco Thom** 084 523 1157 jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor: **Madette Lombaard** 053 574 0279 ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: **Elmien Thom** 084 562 3434 elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: **Annamarie Dercksen** 072 499 4262 annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf www.ngkerkpetrusburg.co.za *facebook* NG Kerk Petrusburg
Kantoorure Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00